# Ekstremisme, Geweld Teen Meisies en Onderrig:

## Oorkoming van Struikelblokke deur Staat- en nie-Staatrolspelers vir Verwesenliking van die Reg tot Onderrig vir Meisies

Ten spyte van feministiese strydtogte vir volhoubare en transformerende ontwikkeling, bly onderrig steeds buite die bereik van miljoene meisies.[1] Dit is veral waar vir meisies wat die meerderheid van uit-skool kinders verteenwoordig, wat nie toegang tot onderrig het nie, wat nooit skool begin nie en wat nie primêre skool voltooi nie.[2] Vroue verteenwoordig twee-derdes van die wêreld se ongeletterdes (493 miljoen) en geslaggelykheid in onderrig is nog nie bereik nie.[3] Hand aan hand met hierdie realiteit, vra vrouemenseregte-aktiviste regoor die wêreld vir 'n einde aan alle vorme van geweld teen vroue en meisies. Geweld teen meisies oppad skool toe en in skool moet stop en, om 'n oplossing te vind, moet die mensereg tot onderrig vir meisies verwesenlik word.

**Die Reg tot Onderrig vir Meisies**

Internasionale menseregtestandaarde rakende die reg tot onderrig voer aan dat die behoefte aan kennis, vaardighede en inligting universeel sowel as sentraal is aan menslike ontwikkeling. Byvoorbeeld, die Universele Deklarasie van Menseregte verklaar dat "onderrig sal gerig wees op die volle ontwikkeling van die menslike persoonlikheid en die versterking van respek vir menseregte en fundamentele vryhede."[4] Die VN Kongres oor die Regte van die Kind brei uit en verwys na onderrig as 'n proses gemik op "die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid, talente en verstandelike en fisiese vermoëns tot hulle volle potensiaal."[5] 'n Meisie se reg tot toegang tot onderrig/opvoeding en om voordeel daaruit te trek moet gesien word as "'n uiteinde opsigself eerder as slegs 'n manier om ander uiteindes te bereik."[6]

Met 189 Staatpartye, is die VN Kongres rakende die Eliminering van Alle Vorme van Diskriminasie Teen Vroue (CEDAW) een van die mees geratifiseerde internasionale menseregteverdrae. Selfs al bied die groot hoeveelheid voorbehoude uitdagings vir implementering, het 'n baie klein hoeveelheid lande voorbehoude of deklarasies gemaak in verband met CEDAW Artikel 10 oor die reg tot onderrig.[7] In lyn met CEDAW, kom onderrig se belofte van bemagtiging nie slegs van verhoogde bewustheid oor die regte van vroue en meisies nie, maar van die afbreek van sterk geslagstereotipes en ideologieë gebaseer op die idee dat vroue onderwerp en hulle menseregte ontsê moet word.

**Die reg tot onderrig sluit die bogenoemde in**

**Ekstremisme en Geweld teen Meisies**

Baie groepe wat teen menseregte vir vroue en meisies is – insluitend Staat- en nie-Staatrolspelers – gebruik argumente in die lyn van geloof, kultuur en tradisie om geslagsgebaseerde geweld en diskriminasie teen meisies te regverdig.[8] Hierdie uiterste sienswyses ontken menseregte van meisies en vroue en teiken dikwels meningsverskille. Dus is meisies wat fundamentalistiese ideologieë uitdaag deur te probeer om toegang tot onderrig te kry, of wat slegs nie-normatiewe geslagsidentiteite en seksualiteite uitdruk, in gevaar van geslagsgebaseerde geweld.

Geweld en die vrees van geweld toegedien deur ekstremiste groepe of individue wat hulle ideologieë ondersteun, is een van die heersende redes wat meisies verhinder om skool by te woon en hulle onderrig te voltooi.[9] In plekke waar ekstremiste poog om alle publieke en privaat areas oor te neem, het meisies se risiko vir verkragting, seksuele teistering, intimidasie en dreigemente verhoog.[10] Armoede, militarisme, gewapende konflik, gebrek aan sanitasie en lang afstande skool toe maak die eenvoudige aksie om te kies om skool toe te gaan 'n aksie van opstand en weerstand deur meisies en hulle gesinne, wat hulle dikwels kwesbaar laat vir geweld.

Aanvalle op meisies wat probeer toegang tot onderrig kry en wat op skool is, het 'n direkte impak op baie lewens – nie net meisies nie, maar ook die wat hulle ondersteun soos families en onderwysers. Elke aanval op meisies oppad skool toe of in skool sê vir die gemeenskap dat daar geen veilige plek is vir meisies of families wat nie konformeer tot tradisionele of patriargale praktyke en rolle nie. Dit lei dikwels tot uitsluiting uit onderrig deur families en Staatrolspelers, waar meisies uit skool gehou word om hulle te "beskerm". Byvoorbeeld, na die aanvalle op skole in Pakistan en Nigerië in die afgelope paar jare, is skole vir meisies in "risiko areas" dikwels vir 'n onbepaalde tydperk gesluit. Selfs al bly hulle oop, laat families nie meisies toe om skool te gaan nie uit vrese vir nuwe aanvalle. Op hierdie manier lei meeste stappe geneem deur families en Staatrolspelers uit reaksie op aanvalle op meisies, tot verdere skendings van die mensereg tot onderrig.

**Skadelike Praktyke**

Diskriminerende geslagsrolle en skadelike praktyke het 'n langtermyn impak op meisies en beïnvloed al hulle regte, insluitend hulle reg tot onderrig. Die ongelykhede wat voortspruit uit patriargie en die sosiale ongelykhede wat dit skep lei tot onderrigstelsels en beleide wat meisies uitsluit uit skole en kwaliteit onderrig.[16] Alle aksies deur Staat- en nie-Staatrolspelers om skendings van vroue en meisies se menseregte aan te spreek, moet dus die hoofoorsake van geslagongelykheid en geslagsgebaseerde geweld aanspreek. Aanvalle op meisies wat probeer om hulle reg tot onderrig uit te oefen, gebeur weens bestaande negatiewe oortuigings en stereotipes wat die onderwerping van vroue en meisies deur geweld regverdig. Dit gebeur ook omdat ekstremistiese ideologieë dikwels die reg tot onderrig as 'n transformatiewe reg beskou wat die status quo uitdaag, dus word sosiale transformasie gesien as 'n bedreiging. Staatspartye het 'n verpligting "om regstrukture te stig om te verseker dat skadelike praktyke onmiddellik, onpartydig en onafhanklik ondersoek word, dat daar effektiewe wetstoepassing is en dat daar effektiewe hulpmiddels is vir diegene wat skade berokken is deur sulke praktyke."[17] State moet dit ook "uitdruklik verbied deur die wet en skadelike praktyke voldoende sanksioneer of kriminaliseer in ooreenstemming met die ernstigheid van die oortreding en skade berokken, en voorsiening maak vir voorkoming, beskerming, herstel, herintegrasie en vergoeding vir slagoffers, en straflosheid vir skadelike praktyke beveg."[18]

***Middel 1:*** *Hierdie twee Algemene Kommentaar deur VN Menseregte Verdrae-liggame is nuttig. Kongres oor die Regte van die Kind Algemene Kommentaar Nr 13 oor die reg van die kind tot vryheid van alle vorme van geweld (2011)[11] en Komitee oor Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte Algemene Kommentaar 13 oor die Reg tot Onderrig (2009).*[12]

***Middel 2:*** *Wanneer beleide, aksies en strategieë ontwikkel word om die veiligheid van meisies in skole te waarborg, is dit belangrik om te verwys na CEDAW Artikel 1.*[13] *Indirekte en onopsetlike diskriminasie kan net so skadelik wees soos geteikende diskriminasie en geweld teen meisies.*

***Middel 3:*** *Wanneer skadelike praktyke aangespreek word, is dit behulpsaam om te verwys na die gesamentlike algemene aanbeveling/algemene kommentaar Nr 31 van die Kongres oor die Eliminering van Diskriminasie teen Vroue, en Nr 18 van die Kongres oor die Regte van die Kind rakende skadelike praktyke (2014).* [14]

***Middel 4:*** *State kan tydelike spesiale maatreëls instel as 'n manier om meisies effektief te beskerm teen geweld en om hulle reg tot onderrig te verseker. Die CEDAW Algemene Aanbeveling 25 oor tydelike spesiale maatreëls is 'n middel wat nuttig kan wees wanneer Staat-aksie en beleide aanbeveel word om meisies se reg tot onderrig te waarborg.*[15]

**Staatsonderrigbeleide en praktyke**

Ten spyte van die gedetaileerde regsraamwerk en 'n globale politieke konsensus oor die reg tot onderrig vir almal, word aanvalle op meisies wat toegang tot onderrig verkry meer gereeld gedokumenteer. Aanvalle op meisies oppad skool toe of in skool lig die broos aard van suksesse in onderrig uit. Solank as wat aanvalle deur ekstremistiese groepe voortduur op meisies wat probeer om hulle reg tot onderrig uit te oefen en te geniet, sal die toeganklikheid, beskikbaarheid, aanpasbaarheid, aanvaarbaarheid en kwaliteit van onderrig vir almal aanhou om terug te sak.

State moet aanvalle teen meisies wat aanspraak maak op hulle reg tot onderrig ondersoek, en moet toekomstige aanvalle verhoed deur die nodige aksie te neem. In meeste gevalle word aanvalle op meisies in skole egter gevolg deur skoolsluitings en skendings van meisies se reg tot onderrig. Geslagsgebaseerde geweld teen meisies word nie ondersoek en gedokumenteer nie, en plegers van geweld teen meisies word nie aanspreeklik gehou nie. Ongeag die motiverings vir aanvalle teen meisies, moet State voortgaan om onderliggende strukturele diskriminasie en negatiewe geslagstereotipes aan te spreek. Onderrigbeleide en stelsels moet die hoofoorsake en nagevolge van aanvalle op meisies aanspreek, en om dit moontlik te maak is voortdurende geslaggelykheidopleiding, stelselmatige navorsing en verbeterde data insameling nodig.

## Advokaatskap Wenke

*Opdateer jou kennis*
Internasionale menseregteverdrae-liggame en kenners fokus meer aandag op die noodsaaklikheid om strategieë te integreer om meisies se reg tot onderrig te bereik en alle vorme van geweld teen meisies te elimineer. As hierdie gapings nie aangespreek word nie, kan ons nie die reg tot onderrig vir almal verwesenlik nie, een van die kritieke areas van volhoubare en transformerende ontwikkeling vir arm gemeenskappe en lande regoor die wêreld. Dis belangrik om op datum te bly met die interpretasie en uitbreiding van internasionale menseregtestandaarde wat meisies kan bevoordeel en wat gebruik kan word om ekstremisme aan te spreek.

*Pas die vrouemenseregteraamwerk toe*
Selfs al is dit nie veilig of strategies om vroue se menseregte openlik by jou werk te noem nie, is dit noodsaaklik om die raamwerk toe te pas om die probleme wat vroue en meisies ervaar te verstaan en om oplossings te bepleit. Die menseregteraamwerk is nuttig om diskriminasie teen meisies aan te spreek; verstaan die skakels tussen diskriminasie en geslagsgebaseerde geweld en dokumenteer skendings van die reg tot onderrig. 'n Feministe-menseregte benadering moet probleme en oplossings holisties oorweeg want al die regte van alle vroue en meisies is deel van die visie van transformasie.

*Diskriminasie en struikelblokke verander mettertyd*
Advokaatskappogins moet aangepas word soos nuwe uitdagings opduik. Dis belangrik om te verstaan hoe meisies onderwerp word aan geweld wanneer hulle toegang tot onderrig probeer verkry. In skool ervaar meisies ook dikwels geweld, byvoorbeeld lyfstraf. Aangesien diskriminasie en ongelykheid dinamies is en mettertyd verander, is voortdurende volging en dokumentering van diskriminasie en struikelblokke tot ongelykheid belangrik.

*Advokeer vir geïntegreerde strategieë*
Dit word al hoe meer erken dat meisies 'n kritieke rol speel in die oplossing van die mees langdurende ontwikkelingsprobleme in die wêreld vandag. Toegang tot kwaliteit onderrig en vryheid van geweld in kinderjare en adolessensie kan 'n vrou se toegang tot geleenthede en gelykheid verander. Integrasie van meisies se reg tot onderrig en die aanspreek van geslagsgebaseerde geweld kan veelvuldige resultate hê in intieme verhoudings: voorkoming en adressering van verkragting en seksuele teistering; voorkoming van kinderhuwelike en tienerswangerskap; voorkoming van handel in meisies. Oor die lang termyn help hierdie idees om gelykheid tussen mans en vroue te skep in die familie en die werkplek.

*Mobiliseer meisies, seuns en hulle families*
Raak betrokke met meisies, seuns, onderwysers en hulle families wat bereid is om te luister en bewustheid te skep oor die belangrikheid van die reg tot onderrig en die reg tot 'n lewe vry van geweld. Hou aan om hulle vaardighede te ontwikkel en stig groepe vir meisies en geslaggelykheidgroepe in jou gemeenskap en in skole. Moedig ondersteuning aan vir meisies wat bereid is om risiko's te neem om hulle mensereq tot onderriq uit te oefen en te qeniet.

---

[1] 'n Geraamde 31 miljoen meisies van primêre skoolgaande ouderdom en 32 miljoen meisies van laer sekondêre skoolgaande ouderdom was nie op skool nie in 2012. UNICEF, *Girls Education and Gender Equality,* http://www.unicef.org/education/bege_70640.html
[2] UNESCO, *Girls Education Fact Sheet* (2013), http://www.unesco.org/new/fileadmin/MULTIMEDIA/HQ/ED/GMR/images/2011/girls-factsheet-en.pdf
[3] UNESCO Institute for Statistics, *International Literacy Data 2013,* http://www.uis.unesco.org/literacy/Pages/data-release-map-2013.aspx
[4] Universal Declaration on Human Rights, Article 26(2), *http://www.un.org/en/documents/udhr/*
[5] UN Convention on the Rights of the Child, Article 29(1)(a), http://www2.ohchr.org/english/law/crc.htm. The UN Committee on the Rights of the Child expansion on this in General Comment No 1 with respect to the aims of education is available at: http://www.unhchr.ch/tbs/doc.nsf/(symbol)/CRC.GC.2001.1.En?OpenDocument.
[6] Report of the UN Special Rapporteur on Education, E/CN.4/1999/49, 13 January 1999, para. 13.
[7] UN Convention on the Elimination of All Forms of Discrimination Against Women (hereinafter CEDAW) (1979), http://www.ohchr.org/EN/ProfessionalInterest/Pages/CEDAW.aspx
[8] AWID, *Religion, Culture and Tradition: Strengthening Efforts to Eradicate Violence Against Women*, September 2013. http://www.awid.org/publications/religion-culture-and-tradition-strengthening-efforts-eradicate-violence-against-women
[9] Right to Education Project, *Background Paper on Attacks Against Girls Seeking to Access Education* (2014). http://www.right-to-education.org/sites/right-to-education.org/files/resource-attachments/HRC_Report_Attacks_on_Girls_2015_En.pdf
[10] *Ibid.*
[11] UN Committee on the Rights of the Child General Comment No 13 on the right of the child to freedom from all forms of violence (2011), http://www2.ohchr.org/english/bodies/crc/docs/CRC.C.GC.13_en.pdf
[12] UN Committee on Economic, Social and Cultural Rights General Comment 13 on the Right to Education (2009), http://www.refworld.org/docid/4538838c22.htm
[13] CEDAW Article 1 reads: "For the purposes of the present Convention, the term "discrimination against women" shall mean any distinction, exclusion or restriction made on the basis of sex which has the effect or purpose of impairing or nullifying the recognition, enjoyment or exercise by [girls], on a basis of equality of [boys] and [girls], of human rights and fundamental freedoms in the political, economic, social, cultural, civil or any other field."
[14] *Ibid.*
[15] UN Committee on the Elimination of Discrimination Against Women General Recommendation No 25 on temporary Special Measures (2000) , http://www.un.org/womenwatch/daw/cedaw/recommendations/General%20recommendation%2025%20(English).pdf
[16] Joint general recommendation/general comment No. 31 of the Committee on the Elimination of Discrimination against Women and No. 18 of the Committee on the Rights of the Child on harmful practices, Para 6 (2014), *http://tbinternet.ohchr.org/_layouts/treatybodyexternal/Download.aspx?symbolno=CEDAW/C/GC/31/CRC/C/GC/18&Lang=en*
[17] Para 13 of joint general recommendation/general comment
[18] *Ibid.*